### *Julius dreig die fariseërs*

**5** Maar die jong fariseër het met hierdie geleentheid iets oor die genesing van die vyf roofmoordenaars gehoor en omdat dit hom nogal opgeval het, vra hy dadelik baie bedeesd aan die hoofman: "Verhewe gebieder! Is dit dan tóg nie miskien die beroemde Verlosser uit Nasaret, of anders sy vernaamste afgesant nie? Want ons hoor dat Hy leerlinge aanneem en hulle, ten minste as hulle begrip daartoe het, as afgesante na ander plekke toe stuur om volgelinge vir Sy nuwe leer te maak, waarin hulle meestal ook slaag. As dit die Verlosser uit Nasaret is, dan is ons in die moeilikheid!"

[2] **Julius** vra ernstig aan die jong fariseër terwyl hy hom streng aankyk: "Waarom dan? Waarom sal julle in die moeilikheid raak as hierdie Man dan tog die beroemde Verlosser uit Nasaret Self sou wees? Helaas, die vraag kom my ietwat verdag voor! Ek eis `n goeie verklaring vir hierdie verleentheid van julle, anders sal dit met julle nie so goed gaan nie!"

[3] Hierdie ietwat streng teenvraag van Julius vervul die jong manne met `n behoorlike porsie vrees en die jong fariseër wat die woord voer, word nou ook baie verleë en weet skielik nie wat hy die nou so streng geworde Julius moet antwoord nie.

[4] Maar **Julius** sê: "As julle my die waarheid kan en wil vertel, hoef julle gladnie daaroor na te dink hoe en wat julle sal sê nie. Probeer julle my egter met skynbare waarhede te sus, dan vergis julle julleself deeglik, want ek sal maar al te goed die verskil tussen `n slinkse verdigsel en die suiwer waarheid kan uitken. Daarom wil ek julle waarsku: Pas op dat julle nie uitgevang word nie! Op die een of ander manier kry ek nog altyd die indruk dat `n mens julle nog lank nie volledig kan vertrou nie, want julle is, so lyk dit vir my, vir eens en vir altyd gesalf met alle satansalwe. Wie op julle woorde vertrou, maak homself maklik tot verraaier van sy eie saak. Alles wat julle gesê het, word gesien as uit `n deur en deur slegte inbors, en is maar slegs `n maskerade. Maar wee julle dan, want van nou af sal ek alles self skerp ingedagte hou! Spreek nou dus die reine waarheid, of dit sal met julle slegter gaan as die vyf roofmoordenaars wat buite aan die oewer van die see aan stewige pale vasgebind is! Kom dus sonder draaitjies met die volle waarheid vorendag!"

[5] Met die bevel van Julius dat hulle moet antwoord, word al dertig bleek en bewe van angs, want alhoewel hulle eintlik ernstig van plan was om met die tempel te breek, was hulle daarby tog ook bedag daarop om hulle vir die tempel skoon te was. Want die jong fariseërs het die kuns buitengewoon goed verstaan om hulle in geval van nood van alle skuld vry te pleit. As hulle die vuur na aan die skene gelê word omdat hulle by die tempel hoort, belaster hulle die tempel soos geen ander nie. Kom hulle egter weer terug in die tempel en die mense hou hulle verantwoordelik dat hulle teen die tempel uitgevaar het, dan het hulle dadelik `n aantal goeie redes byderhand om aan te toon dat hulle slegs vir die skyn teen die tempel te kere gegaan het.

[6] Daarom het Ek dan ook reeds in die begin gesê dat mens hulle nie te veel moet vertrou nie, want sulke mensesiele is soos getemde diere, wat mens ook nooit heeltemal mag vertrou nie, omdat die wildheid, sodra die geleentheid hom voordoen, graag weer sy kop uitsteek.

[7] Toe, na `n rukkie se angstige stilswye, is dit weer Julius wat meer nadruklik begin aandring daarop en **Ek** sê aan hom: "Vriend, gee hulle geleentheid om tot verhaal te kom en dan te praat! Want met leuens kan hulle ons tog onmoontlik bedrieg nie, ook al sou hulle dit miskien wou doen. Want Ek is tog hier en vir My kan mense nie belieg nie, en Rafael is ook hier, wat mense ook nie kan belieg nie. Wat sou die dertig bevreesde mense dus met `n leuen teen ons kan doen, wat ten eerste nie belieg kan word nie en ten tweede alle mag en krag in die hande het?!"

[8] **Julius** sê: "Ek sien wel dat U, o Meester, soos altyd, ook hierdie keer weer volkome gelyk het en dus sal ek geduldig die antwoord van hierdie dertig afwag. Ek sal net daaraan wou toevoeg wat my, as die antwoord te lank vat, dan te doen staan!"

[9] Daarop open **die jong fariseër** skielik ietwat moediger sy mond en sê: "U het ons tot wanhoop gebring omdat u so hardnekkig `n antwoord op u vraag vereis. Maar ons het u vroeër baie vriendelik, hoewel ietwat opgewonde, oor die verhewe Man daar gevra, wie Hy is, en of hy nie dalk die Verlosser uit Nasaret was nie. En ons het gesê dat sou dit Hy wees, ons daardeur in groot moeilikheid sou kom. U het dit opgemerk en u het dadelik agterdogtig teenoor ons geword en wou skielik met die dreig-endste gesig ter wêreld van ons verneem wat die rede daarvoor is. Dat ons toe bang geword het, is maklik te verstane omdat ons u strengheid al ondervind het.

[10] Maar noudat ons in hierdie grootse Man, wat ons eintlik heimlik die meeste vrees omdat die gedagte altyd by ons opkom dat hy wel moontlik die Verlosser uit Nasaret kan wees, `n verdediger van ons verleentheid gevind het, kan ons ook goed praat; want ons is nou nie meer bang nie en kan vry en openlik ons woord spreek.

[11] Dat ons die Verlosser uit Nasaret grondig vrees, het `n baie eenvoudige oorsaak omdat ons hier staan as uitgestuur deur die tempel, as openlike vervolgers, al was ons dit eintlik nooit in ons harte gewees nie. Ons het vir die wêreld ook al baie skynmaatreëls teen Hom moes tref, wat sekerlik nie vir Hom aangenaam was nie, al kon dit Hom ook tot op hede geen direkte skade berokken het nie.

[12] Ons het egter nou al heelwat staaltjies hier gehoor en gemerk dat dit met `n vervolger van die Verlosser bepaald nie so goed sal gaan nie. Daarom het ons u dan ook gevra, toe ons iets verneem het van die vasgestelde genesing van die vyf roofmoordenaars môre-oggend, of hy nie sélf die beroemde Verlosser uit Nasaret is nie.

[13] As dit werklik Hy is, bly daar vir ons tog sekerlik niks anders oor as om onsself voor Hom in die stof neer te werp en om Hom om vergifnis te smeek vir alles wat ons in opdrag van die tempel aan Hom moes kom doen nie. En kyk, dit is die benarde situasie waarin ons onsself sou bevind sou Hy werklik die Verlosser uit Nasaret wees! Maar omdat ons nou die edelmoedige hart van hierdie Man gesien het, mag hy dan tog die Verlosser uit Nasaret wees, want deur Hom sal ons sekerlik nie in die moeilikheid kom nie! - Dit is nou die eerlike antwoord wat u so dreigend van ons verlang het, maar gee u ons nou ook die regte antwoord op ons vraag!"

[14] **Julius** sê: "Nou, weet dan, dat dit HY IS aan wie die hele natuur en alle magte van die hemel diensbaar is - HY IS die beroemde Verlosser uit Nasaret! Oor Hom het die meisie vroeër getuig, en die engel was gehoorsaam aan Sy wenke toe hy julle die voorbeeld van sy mag getoon het. Maar noudat julle dit weet, moet julle eers vir my sê wat julle nou wou en sou doen!"

### *Gesprek tussen Julius en die fariseërs oor JaHshua*

**6** **Die jong fariseër** sê, tesame met al die ander: "Geloofd sy Elohim in die hoogte dat Hy die Mens hierdie mag gegee het, wat slegs tot verlossing van die swakke sterfling kan dien! Daar staan in die profete geskryf dat Elohim eendag `n Messias aan die volk Israel sal stuur. Nou wat is daarmee verkeerd as ons Hóm as sodanig sou aanneem? `n Messias kan volgens die profesieë weliswaar nie uit Galilea gebore en afkomstig wees nie, maar dit is ook `n profetiese uitspraak wat mens eintlik, geestelik gesien, tog nie volledig kan verstaan nie! Ons het dit nooit goed verstaan waarom daar geen profeet of geen ander groot man uit Galilea sou kon opstaan nie, omdat die Galileërs tog niks daaraan kan doen dat hulle Galileërs is nie. Maar dit staan nou eenmaal geskrywe! Wie dit wil glo, die glo dit; wie dit egter nie wil glo nie, die laat dit so - en ons het wel almal eers aan laasgenoemde behoort, sodat ons nou ook glad nie in verwarring gebring kan word om hierdie Verlosser uit Nasaret as `n Messias in die volle sin van die woord aan te neem nie.

[2] Maar dit is dan in `n sekere sin tog iets buitengewoon wonderlik en daarby `n groot vraag, hoe hierdie Mens aan sulke uitsonderlike, goddeliklykende eienskappe gekom het! Want, wat ons te wete gekom het deur ons ondersoek na Hom en Sy afkoms, is dat hy die Seun van `n timmerman is, wat ongeveer altyd tot op Sy dertigste jaar tuis gebly het en het saam met Sy vader en moontlik met Sy ander broers hier en daar timmerwerk verrig het. Verder het niemand ooit iets buitengewoon aan hom ontdek nie. `n Mens het hom ook nooit sien lees, skryf of reken nie. Ook in Sy omgang met mense het Hy baie min gepraat en was allermins `n geestelike mens gewees!

[3] Ja, mense in Nasaret vertel ons dat selfs Sy vader en moeder hom dikwels berispe het omdat Hy ten eerste nie maklik in die sinagoge te kry was nie en ten tweede dat Hy Hom nooit die Skrif wou laat voorlees nie en dat Hy weinig of niks vir die sabbat omgegee het nie. Hy het blykbaar die meeste van die natuur gehou en om die dinge van hierdie aarde stilswyend te aanskou.

[4] So was visvang dan ook Sy geliefkoosde aktiwiteit en Hy het altyd met sukses gehengel; dit is dan waarom die vissers Hom ook altyd graag by hulle wou gehad het.

[5] Kortom, alles wat ons ooit oor hom te wete gekom het, dui met sekerheid aan dat hy ten eerste nêrens `n skool besoek het nie en ten tweede dat Hy by almal bekend gestaan het as `n mens wat slegs `n baie geringe graad van ontwikkeling getoon het.

[6] Maar skielik blyk dit dat Hy ontwaak het en so wys geword het dat `n mens met sekerheid kan sê dat die wêreld nog nooit `n wyser mens gedra het nie!

[7] Nou, ons het dít en natuurlik nog baie meer waarhede oor Hom te wete gekom en nou het ons Hom hier gevind en vasgestel dat Hy `n baie besondere Man is. Daarom kan ons seker nie kwalik geneem word nie as ons vra: Hoe kom Hy aan sulke ongehoorde eienskappe, wat geen mens vóór Hom ooit besit het nie en sekerlik niemand hierná weer sal besit nie?"

***(word vervolg)***